Tema: God leer jou om Hom te vertrou.

Vooraf sang
Lied 188: 1,2,3
Lied 525: 1,3.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 25 - 1: 1
Votum
Seën
Lofsang Ps 46 - 1: 1,3,6.

Woorddiens
Gebed
Skriflesing: Daniel 6
Teks: Daniel 6: 21 - 23
Sing Ps 18 - : 9,10
Woordbediening;

Antwoorddiens
Geloofsverklaring in gebed
Bevestiging van diaken
Sing Ps 20 - 1: 2
Liefdegawes
Sing Ps 25 - 1: 6,7
Seën
Sing Sb 13 - 3.

Geliefde brs en srs

Lees ‘n mens van die ongelooflike dade van God en van hoe gelowiges onwrikbaar en vreesloos daarop vertrou het, dan kom die vraag by ‘n mens op: **hoe het hulle dit reggekry**? Hoekom is dit so dat ek dikwels so ontoereikend in my geloof voel as dit daarby kom om die Here blindelings te vertrou?

Hoekom gebeur dit met my dat wanneer ek in ‘n krisis kom of een of ander versoeking of beproewing ervaar dat my geloof so klein en twyfelend is? Hoekom oorval vrees en angs my so maklik as daar dinge met my gebeur waarop ek geen antwoorde het en wat ek niks aan kan doen nie? Hoekom raak ek so bang as ek groot dinge moet doen en ek weet nie hoe nie? Hoekom sien ek net altyd die bose en donker kant van dinge raak en so min van God en sy krag?

Brs en srs, het u ook al - soos die dissipels gevra: : Here, gee my meer geloof sodat ek berge kan versit? Here, leer my om u vertrou?

Hoe leer ‘n mens om die Here te vertrou? Dit is waaroor vanaand se boodskap handel. Geliefdes, dit moet ons by voorbaat weet: geen preek, Bybelstudie of kursus kan jou leer om die Here te vertrou nie. Nie eers die getuienisse van ander gelowiges se vertroue of die bystand van medegelowiges wat God vertrou, kan jou dit leer nie!
Dit kan hoogstens jou behoefte aan vertroue prikkel en jou lei om dit op die regte plek te gaan soek.

Die Here sê vanaand dat Hy self, as die lewende God, jou leer om op Hom te vertrou.

In die lewe van Daniel word dit baie duidelik: dit is net die Here wat jou kan leer om Hom te vertrou. Hy alleen werk deur sy Gees ware geloofsvertroue in jou en Hy leer jou dit deur **geloofservaringe.** Jy moet dit prakties beoefen

Kom ons vrae dan nou twee vrae om hierdie waarheid te belig. En my gebed is dat die Here deur sy Gees gee dat hierdie openbaring van God se werk in ons lewe ook ware geloofsvertroue in elkeen van ons - maar ook in ons as gemeente - mag werk in hierdie besondere tyd wat ons nou ervaar.

1. **Die eerste vraag wat ons moet vra is: Hoe leer God jou om Hom te vertrou?**

Brs en srs, uit die Here se optrede met Daniël blyk dit dat Hy ons op 2 maniere leer om Hom te vertrou.

Die eerste manier is dat God ons leer om ‘n intieme geloofslewe met Hom te onderhou. Ons sien dit dwarsdeur Daniël se lewe en in vers 11 lees ons weer daarvan. Toe die krisis kom, gaan onderhandel Daniël nie met die koning oor die dekreet nie, hy gaan probeer nie om los te kom by die ander jaloerse regeringamptenare wat vir hom die strik gestel het nie, nee, Hy gaan praat eerste met God.

Want God het Daniël geleer dat getroue en toegewyde persoonlike omgang met die Here die sleutel is waarmee God vir jou die skatkamer van die hemel oopsluit. Ons lees in Daniel 9 dat Daniel ‘n intensiewe studie van die boek Jeremia gemaak het. Hy soek leiding in God se Woord.

Brs en srs, deur **getrou God se Woord te bestudee**r, **leer Hy jou van sy beloftes, van sy mag en majesteit en sy optrede in die lewe van gelowiges**. Deur **jou getroue gebedslewe** leer jy om meer en meer jou lewe in die hande van die Here oor te gee.

Alleen deur so 'n getroue en daaglikse intieme omgang met die Here ontstaan daar 'n noue band tussen jou en God. 'n Band wat alle menslike verstand en grense oorskry en **wat jou die onsienlike God laat sien asof Hy elke oomblik by jou is.** Daar leer jy om na God te luister en nie om na ander mense of duiwelse oortuiging nie.

Hierdie intieme omgang met die Here is die eerste wyse waarop God jou leer om Hom te vertrou. Niks anders kan dit vervang nie. As jy dus maklik twyfel, bang raak, moedeloos raak, sukkel om die Here se hand in jou lewe raak te sien, of om die Here se planne te verstaan, is dit die plek waar jy die fout moet gaan soek.

Positief gestel: Wie getrou en intiem met die Here leef, leer Hy om Hom te vertrou.

Die tweede manier waarop die Here ons leer om Hom te vertrou is deur geloof-ervaringe wat Hy op jou pad laat kom. Dit is een ding om te weet dat God magtig is en dat Hy wonders kan verrig maar dit is 'n ander ding om te glo dat Hy dit in jou lewe kan doen. **En die manier waarop jy dit leer is wanneer die Here jou dit laat ervaar.**

Die Here oortuig jou van sy mag, sy regering, sy bomenslike vermoëns deur versoekings en beproewings op jou lewenspad te bring. **Eers as jy in die moeilikheid beland, eers as die pad vir jou duister en donker raak, eers as jou krag, jou planne en jou geld opraak, as kosbare dinge van jou weggeneem word, dan begin jy verstaan wat dit beteken op die Here te vertrou.**

Eers wanneer 'n gemeente in die noute raak, wanneer daar kruispaaie kom, wanneer kerkraad en lidmate die groot prentjie van God se plan met hulle raaksien, as hulle die groot opdrag sien wat menslik onmoontlik lyk, as die begroting om daardie opdragte uit te voer ver te kort skiet, **eers dan leer 'n gemeente om die Here te vertrou.**

Eers as jyself dit sien en ervaar dan glo jy dat die Here onmoontlike dinge kan doen en dan vertrou jy Hom. Dan leer jy om aan Hom oor te gee.

So het die Here Daniël deur ervaring geleer.
Sy eerste toets was sy ontvoering en die indoktrinasie proses in die koning se paleis. In gehoorsaamheid aan die Here se Woord het Daniel geweier om onrein kos te eet en God het bewys dat Hy by Daniel staan en Hom geseën.

Die tweede toets was vir Daniel deur sy vriende toe hulle gedwing was om 'n afgodsbeeld te aanbid. Vreesloos het hulle geweier en Christus het hulle in die vuuroond kom red. **Deur die krisis het die Here hulle geleer: Ek sal by julle staan. Hulle het dit self ervaar en so geleer vertrou.**

En daarom was Daniël met hierdie derde krisis nie bekommerd nie. Hy het geweier om die koning as god te aanbid en Hom na die ware God gekeer. **Hy het by God gepleit om genade en vreesloos die leeukuil tegemoet gegaan.** Daniël het uit vorige ervarings geweet: **as ek aan die Here getrou bly sal die Here aan my getrou wees**: **En weer kom Christus om die leeus se bekke te sluit –sodat Daniel ongedeerd kan wees.**

Brs **en srs, die Here leer jou deur ervaring**.

En ons weet dit. Elkeen van ons het dit al ervaar. Die Here het al elkeen van ons hierdie vertrouensles in mindere of meerdere mate laat leer. Elkeen van ons kan vanaand vertel van daardie oomblik wat God vir jou sy krag en lewende teenwoordigheid getoon het!

Maar ons vergeet dit so gou weer. Ons twyfel so maklik weer! Ons laat ons so maklik van ander dinge oortuig as om te glo dat die Here die onmoontlike kan doen as ons Hom gehoorsaam is.

Geliefdes, ek is oortuig dat die Here ons as gemeente nou in so 'n vertrouensles ingelei het. Deur die meerdere bediening wat nuwe eise en aanpassing van ons almal verg. Die bedieningsfokusse waarby die Here ons uitgebring het en op grond waarvan ons besef dat wat ons moet doen so oorweldigend is. Dit alles loop saam met lands-, ekonomiese en persoonlike omstandighede wat nie maklik is nie.

ONS MOET BESEF: DIS NOU DIE VERTROUENSLES: Die Here wil ons leer om Hom te vertrou. Ons moet nie nou moedeloos of bekommerd word nie. Ons moet nie kleingelowig raak of twyfel nie. Ons mag nie vaskyk teen menslike vermoëns en beperkinge nie. **Ons moet nou die Here vertrou.**

Net soos ons Here Jesus Christus by Daniël se vriende in die vuuroond gaan staan het, net soos Hy by Daniël in die leeukuil kom staan het, <u>net so geliefdes, staan Hy vandag in ons midde</u>. Deur ons **geloof en ons vertroue moet ons Hom raaksien. Hy** het self die versoeking van die duiwel en die beproewinge van die kruis deurstaan om ons te oortuig dat Hy ook vandag by ons is. Die kruis is die bewys van sy betroubaarheid!

Hy het ons ook sy Gees gegee wat hierdie geloof en vertroue in ons wek. Hoe meer ons na die Gees luister – hoe meer sal ons glo en vertrou. Soos wat ons na die Gees luister ervaar ons die vrug van vertroue op God. **In krisis bly jy kalm** (Daniel is kalm, die ander hardloop angstig rond), **Jy fokus op jou taak, jy bly gehoorsaam**. **<u>Die Here sal nie ons vertroue beantwoord as ons ongehoorsaam is, en nie op ons taak en roeping as gemeente en as lidmate bly fokus nie</u>.** Dit is hoekom die regeringsamptenare geweet het waar hulle Daniel moes bykom – oor sy geloof, sy gehoorsaamheid aan God het duidelik geblyk.
Omdat ons Hom vertrou – kan ons doen wat ons moet doen.

Die tweede en laaste vraag is: Hoe gebruik God jou vertroue in Hom?

Geliefdes, die Here gebruik ons geloofsvertroue om van Hom te getuig. Dwarsdeur Daniel se lewe het die fokus nie op hom geval nie, maar op die lewende God wat deur Daniel werk.

'n Lewe van vertroue bring geloofwaardigheid en krag aan ons getuienis. Hoe kan iets krag hê as dit uit jouself kom? Hoe kan bediening mense trek en oortuig as dit uit mensekrag gebeur? Dit kan nie! Slegs as God bomenslik optree en mense van sy krag oortuig!!

Die Here het Daniel se lewe van vertroue in Hom kragtig gebruik in 3 konings se lewe:
Deur Daniel se lewe kom <u>koning Nebukadneser</u> tot erkenning van God se mag. Koning <u>Belsasar</u> kom onder God se oordeel op grond van Daniel se getuienis. <u>Koning Darius</u> kom tot geloof op grond van God se wonderwerk in die leeukuil. Die Here gebruik ons

geloofsvertroue kragtig in sy diens. Daardeur raak Hy mense aan, bring Hy tot bekering, bring Hy tot oortuiging en laat Hy sy kerk en koninkryk groei.

Geliefdes, hoe sal ons as gelowiges en ons as gemeente dus leer om God te vertrou? As ons nou, in die druktyd van ons gemeente se lewe, in die lig van God se groot opdrag, waarlik naby aan Hom bly, intiem met Hom lewe, en doen wat Hy vra – al lyk dit onmoontlik! As ons onwrikbaar glo en vertrou dat Christus self hier is, sal red en voorsien, dan sal ons dit ervaar! Dan sal ons persoonlik daarvan kan getuig.

Dit kom deur in die krisis te vertrou! Dit is wat die Here ons nou wil leer. **Kom ons vertrou Hom op grond van sy beloftes en Hy sal in die praktyk van ons lewe vir ons leer: Hy is betroubaar! Hy is hier – Hy tree kragtig en reddend op!**

Amen